

Beste kliënte,

Ons by My Makelaars het 2020 met groot optimisme aangepak, nadat 2019 'n beter jaar as die vorige vier jare was. Ten spyte van die terugslag wat die virus nou oor ons wêreld, land en besighede bring, bly ons steeds hoopvol dat ons en ons kliënte dit sal oorleef.

Behalwe om verantwoordelik op te tree is daar eintlik niks wat die gewone mense aan die situasie kan verander nie. So kom ons wag maar geduldig. Terwyl meeste mense nou meer tyd op hande het, wil ons u aanmoedig om dringend aandag te gee aan die volgende tien aspekte van u lewe:

- 1) Bekom wysheid; insig, geduld en kalmte deur tyd te beplan en te bestee aan Bybellees, gebed en oordenking. Is dit nie die rede waarom die Here ons tot stilstand gebring het nie?
- 2) Hersien jou begroting. Dink aan 'n plan om u inkomste te vergroot en u uitgawes te verminder. Gaan ons nie almal met 20% tot 25% minder moet klaarkom vanaf April 2020 nie?
- 3) Bestudeer jou mediesefonds kontrak en maak seker van uitsluitings. Het jy 'n noodfonds in bv. 'n Geldmarkrekening, om addisionele mediese uitgawes te kan betaal?
- 4) Hersien jou Testament. Maak seker die bemakings is nog soos u dit wil hê en dat dit korrek onderteken en gedateer is. Weet jou naasbestaandes waar die oorspronklike een gebêre is?
- 5) Kyk na jou polis skedule wat jy laas van ons ontvang het.
 - 5.1) Is jou doodsdekking voldoende om jou naasbestaandes op hul lewenstandaard te hou, sou jy wegval?
 - 5.2) Is jou ongeskiktheidsdekking voldoende om aan jou 'n inkomste te gee sou jy ongeskik raak om te kan werk?
 - 5.3) Is jou gevreesdesiekte-(trauma)dekking voldoende? Is dit omvattend of dek dit slegs die vier basiese toestande?
 - 5.4) Het jy 'n begrafnis polis? Is die dekking minstens R20 000 of het jy 'n fonds van so 'n bedrag wat onmiddellik beskikbaar sal wees aan jou naasbestaande.

- 6) Hersien jou aftreebeplanning. Jy het minstens R1 miljoen nodig vir elke R4000 pm inkomste. As jou behoefte dus R20 000 pm is het jy R5 miljoen nodig in vandag se geldwaarde.
- 7) Hersien jou korttermyn versekering. Wat is uitgesluit en wat is jou bybetalings?
- 8) Kliënte wat geld op belegging het moet nie nou onttrekkings maak nie. Dit sal verliese realiseer. Hierdie is 'n tyd om niks daaraan te doen nie, behalwe om geduldig te wag.
- 9) Kliënte wat geld wil belê kan dit oorweeg om in aggressiewe fondse te belê, met aandeelpryse wat nou op sy laagste in die afgelope 12 jaar is, kan dit lonend wees oor enkele jare.
- 10) Plaas dokumente t.o.v bogenoemde in 'n lêer en maak seker jou naasbestaandes weet waar jy die lêer bêre.

Ons beoog om van die bovermelde sake dmv kort video's op "Whats-app" en "Facebook" ens. aan u bietjie meer inligting en leiding te gee oor die volgende paar weke.

Skakel gerus met u makelaar indien jy nie die video boodskappe ontvang nie of as jy enige hulp of advies nodig het oor enige van die bogenoemde sake.

Groete,

Dolf du Plessis



Dolf du Plessis

082 925 0333 | dolf@mybrokers.co.za